



PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

**PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930**

KENNISGEWING 242/2020

DIREKTORAAT: FINANSIËLE DIENSTE

**VAKATURE:
SENIOR REKENMEESTER
INTERNE EN EKSTERNE KENNISGEWING**

Skryflike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:
SENIOR REKENMEESTER

MINIMUM VEREISTES

- Baccalaureus Graad met Rekeningkunde of minstens 15 jaar ondervinding in 'n rekenkundige veld.
- Kennis van MSCOA
- Kennis van Phoenix of Vesta stelsel
- Kode B Bestuurderslisensie

POSPROFIEL:

Verantwoordelik vir die volle rekeningkundige funksies van die Munisipaliteit wat insluit: maandelikse/kwartaallikse/halfjaarlikse finansiële rapportering volgens GRAP-formaat, begroting, bateregister en finansiële state in terme van, en volgens die toepaslike wetgewing, asook implementering van MSCOA.

SALARIS: R50 000.00 per maand. (Alles insluitend)

DIENSTYDPERK: 3 maande kontrak posisie

SLUITINGSDATUM: MAANDAG, 14 DESEMBER 2020

Aansoeke in CV-formaat, vergesel van oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **DEBBY MOONEYS, MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **MAANDAG, 14 DESEMBER 2020**.

Navrae kan gerig word aan **DEBBY MOONEYS** by Tel. 023-5411 036 / 023 5411 014, e-pos: **debbiem@pamun.gov.za**

Die Munisipaliteit Prince Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT
Privaatsak X53,
PRINCE ALBERT
6930
e-pos: **debbiem@pamun.gov.za**
Tel. (023) 5411320
Faks. (023) 5411321



**ANNELEEN VORSTER
MUNISIPALE BESTUURDER**

02 Desember 2020